

# Teks 1

Titel verwys na die kern van die artikel.

## Help jou viervoetige vriend poot vir poot tot fiksheid!

Omdat ons as mense gereeld kan rondstap, vergeet ons dikwels hoe belangrik dit is om daaglik te gaan stap met jou beste viervoetige vriend(in!), Boel of Bella!

Inleiding vertel vlugtig waarom die instruksies gaan.

Die woord "vierpotige" verwys na diere met vier pote.

Dit raak nóg belangriker as jy gereeld draf en graag jou vierpotige vriend saam wil neem, hetsy vir oefening, beskerming of vir die lekkerte. Ons fout is dat ons aanneem dat 'n hond van nature fiks is en maklik ver kan hardloop. Ons is nie verkeerd nie, maar voor jy vir Woef uit die bloute vir 'n 5 km-"stappie" neem as jy wil fiks word vir die volgende Comrades of Twee Oseane-marathon, lees eers die volgende instruksies.

Instruksies volg puntsgewys.

1. Moenie met ouer honde hardloop nie. Groot honde ouer as sewe jaar behoort nie ver te hardloop nie en selfs kleiner hondjies moet na 10 jaar minder hardloop.

2. Poot vir poot. Stel jou hond geleidelik bloot. Begin stadig, net soos wat jy sou begin as jy nog nooit gehardloop het nie. Soos wat jy geleidelik verder hardloop of stap, so sal die kussinkies onder sy pote ook sterker word.



Groot hondesoorte: Rottweiler, Dobermann, Labrador, Herdershond

Klein hondesoorte: worshonde, poedels, terriërs

Energie-opkikker: Energade, Powerade

3. Hou jou hond gehidreer.

Hy kan nie vir sy energie-opkikkertjie vra nie! Dis belangrik om genoeg water vir jou én jou hond saam te neem.

4. Wees bewus van die hitte. Honde sweet nie soos mense nie, maar kry net so warm. Weet wat die simptome van sonsteek is en hou jou hond dop op 'n baie warm dag.

Instruksies moet logies op mekaar volg, bv. 3 en 4.

Daar is hondeskole waar jou hond geleer word wat dissipline is en hoe om sekere situasies te hanteer.

5. Hou jou hond aan 'n leiband en hou hom onder beheer.

Al is 'n hond geleerd, kan hy maklik agter 'n ander hond aanhardloop of onder 'n motor beland.

6. Ken jou woef se grense. Hy sal jou altyd tevrede wil stel en saam lekker dinge wil doen, maar soms doen hy dit ten koste van homself. Jy kan nie met 'n baie jong hondjie hardloop nie en wanneer jou hond weier om verder te stap, is dit dalk omdat hy uitgeput is!



7. Kies die pad wat julle hardloop met sorg: sagte grond is beter as die teerpad. Onthou, jou hond het nie ook skoene aan nie!



Wees nou ou Woef se beste vriend en help hom poot vir poot om fiks en gesond te wees sodat julle oefensessie die hoogtepunt van julle ál twee se dag word!



## Post-lees: Verstaan die teks

### a. Bespreek die kenmerke van die tekssoort en beantwoord die volgende vrae

1. Soeklees die artikel en kyk watter van die volgende kenmerke van instruksietekste jy kry.
  - a) Dit gee vir jou instruksies.
  - b) Die toon is verduidelikend.
  - c) Die teks is kort met eenvoudige sinne.
  - d) Die inligting word stelselmatig en volgens 'n spesifieke struktuur gegee.
  - e) Dit sê soms ook hoe om dinge nié te doen nie.
2. Lees die teks aandagtig. Bespreek die volgende vrae.
  - a) Met watter woordsoort begin feitlik al die instruksies?
  - b) Waarom is dit belangrik om goeie instruksies te kan gee?
  - c) Hoe sal hierdie teks verskil van 'n artikel oor die fiksheid van diere?

### b. Beantwoord die volgende begripvrae oor teks 1

1. In watter tydskrif gaan hierdie soort artikel verskyn?
2. Wie is die teikengroep van die artikel?
3. Waarom gebruik die spreker "poot vir poot" in die titel in plaas van "voet vir voet"?
4. Verduidelik in jou eie woorde wat beteken jou "woef se grense".
5. Antwoord waar of onwaar. Motiveer elke keer jou antwoord.
  - a) 'n Hond kan op enige oppervlak hardloop.
  - b) 'n Mens se voete en honde se pote kan ewe maklik seerkry.
6. Haal 'n sinsdeel uit die laaste paragraaf aan wat daarop dui dat ons verantwoordelik vir die versorging van ons diere is.
7. Verduidelik die ironie in "Wees jou woef se beste vriend" (laaste paragraaf) as jy na die inleidingsparagraaf kyk.